NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2018

VERBRUIKERSTUDIES
NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulp-eksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop van korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning van detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2018

AFDELING A VOEDSEL EN VOEDING EN DIE VERBRUIKER

VRAAG 1

1.1	C
1.2	B
1.3	B
1.4	D
1.5	A

VRAAG 2

Kategoriseer die volgende belasting in direkte of indirekte belasting.

Tabuleer jou antwoord soos hieronder getoon:

Direkte belasting	Indirekte belasting
eiendomsbelasting LBS-belasting voorlopige belasting kapitaalwinsbelasting hereregte (oordragsfooi) boedelbelasting	belasting op toegevoegde waarde aksynsbelasting invoerbelasting lisensies

VRAAG 3

3.1 *Die mieliestysel in die Chakalaka is geneties gemodifiseer en het daarom sekere voordele. Identifiseer enige vier voordele deur slegs die hoofletters van jou keuse neer te skryf.*

B D E G (in enige volgorde)

3.2 *Noem een rede hoekom die speserye in die Chakalaka bestraal word.*

- Speserye bevat baie bakterieë en bestraling verhoed dat dit die Chakalaka besmet.
- Om die aantal bakterieë wat siektes veroorsaak uit te skakel of te verminder, maak die kos veiliger.

3.3 *Verduidelik kortliks hoekom bestraalde voedsel voordelig vir MIV/Vigspasiënte kan wees.*

- Voedselbestraling verhoog die veiligheid van kos en sal die MIV/Vigspasiënt teen voedseloordraagbare siektes beskerm.
- Kos word met baie kort- en liggolwe gesteriliseer, wat die kos binnedring om skadelike organismes (salmonella) dood te maak sonder om die kos self radioaktief te maak.
- Maak dit geskik vir MIV/Vigspasiënte se verswakte immuunstelsel.

IEB Copyright © 2018

3.4 *Ontleed die bestanddelelys om aan te toon dat hierdie Chakalaka 'n geskikte keuse is om by 'n MIV/Vigspasiënt se dieet in te sluit.*

Tabuleer jou antwoord soos hieronder aangedui:

Bestanddeel	Motivering vir geskiktheid
Groente: wortels / soetrissie / tamatiepuree	Bevat flavonoïede en fitosterole om die immuunstelsel te versterk.
Groente: wortels / soetrissie / tamatiepuree	Hou vel en slymvliese in die longe en spysverteringskanaal gesond.
Groente: wortels / soetrissie / tamatiepuree / sonneblomolie / graan / mieliestysel	Antioksidante wat skade aan selle en infeksies voorkom.
Groente: wortels / soetrissie / tamatiepuree	Dra by tot die herstel van infeksies.
Groente: wortels / soetrissie / tamatiepuree	Hou gesonde immuun- en senuwee-stelsels in stand.
Water	Help met dehidrasie wanneer pasiënte diarree het.
Graan / mieliestysel	Selenium help om T-helperselle te aktiveer.
Antioksidant TBHQ	Voorkom of vertraag oksidasie van bestanddele.

Kandidate moet aandui dat dit geskik is, aangesien die MIV/Vigspasiënt 'n verswakte immuunstelsel het.

3.5 *Stel 'n geskikte, voedsame middagetespyskaart saam wat die Chakalaka insluit en bedien kan word om die gesondheid van 'n MIV/Vigsindividu te bestuur. Motiveer jou keuses.*

Puntetoekenning: Die spyskaart moet geregte insluit (ook die Chakalaka) wat geskik is vir middag-ete en wat verskillende voedselgroepe insluit. Drie verskillende redes vir die insluiting van spesifieke geregte (voedingstowwe ingesluit in die gereg, met motivering) moet verskaf word.	
Voorbeelde van geregte:	
Proteïen Vleis, vis, hoender, melk, eiers en peulgewasse **Yster** Lewer, rooivleis, hoender, vis, volgraanprodukte en peulgewasse Fitochemikalieë soos flavonoïede en fitosterole wat natuurlik in voedsel aangetref word **Vit B6** Witbone, aartappels, vleis, vis, hoender, mielies, neute, groen blaargroente, broccoli en avokadopere	Versterk die immuunstelsel.

Vit A Donkergroen, geel, oranje en rooi vrugte en groente	Hou die slymvliese van die longe en ingewande ongeskonde en maak dit vir kieme te moeilik om die liggaam binne te dring en infeksie te veroorsaak. Antioksidante wat infeksies en beskadiging van selle voorkom.
Vit C Sitrusvrugte, koejawels, mango's, maroelas, tamaties, aartappels en aarbeie	Help met herstel van infeksies. Antioksidante wat infeksies en beskadiging van selle voorkom.
Vit E Plantolies, margarien en neute	Antioksidante wat infeksies en beskadiging van selle voorkom.
	Nodig om 'n gesonde immuunstelsel en senuweestelsel in stand te hou.
Selenium en sink	Belangrike beskermers van die immuunstelsel.

VRAAG 4

4.1 *Beantwoord Beth se blogvraag deur twee oorsake vir die ontwikkeling van tipe 2-diabetes hieronder te identifiseer. Skryf slegs die korrekte hoofletters van jou keuse neer.*

A C (Enige volgorde)

4.2 *Voorsien Beth van vyf dieetverwante riglyne wat sy sal moet implementeer as sy met tipe 2-diabetes gediagnoseer word. Motiveer hierdie riglyne.*

- Volg 'n gesonde dieet deur klein, gereelde maaltye te eet, aangesien dit uiterste fluktuasie van die bloedglukosevlak voorkom.
- Moenie maaltye oorslaan nie – dit help om die bloedglukosevlakke konstant te hou.
- Kies kossoorte wat laag in versadigde vette en kilojoules is om gewig te verloor indien oorgewig of om 'n gesonde liggaamsgewig te handhaaf.
- Kies hoëveselkossoorte, bv. peulgewasse, appels, gerolde hawer – dit het 'n stabiliserende uitwerking op die bloedsuikervlak.
- Eet meer lae-GI-kossoorte – dit stel energie geleidelik vry en hou die liggaam langer versadig.
- Eet kossoorte wat maer proteïen bevat om die ontwikkeling van kardiovaskulêre siekte te voorkom.
- Vermy geraffineerde suikers en wees bewus van verskuilde suikers om die risiko van 'n hoë bloedsuikervlak te verlaag.
- Handhaaf 'n gesonde liggaamsgewig om optimale insuliengebruik te verseker en sodoende bloedglukosevlakke te beheer.
- Gebruik min sout en vermy versadigde vette – om bloeddruk en cholesterol te beheer.

IEB Copyright © 2018

VRAAG 5

5.1 *Identifiseer drie redes uit die uittreksel waarom Tebogo met bulimia nervosa gediagnoseer is.*

Redes	Voorbeeld uit uittreksel
Sy eet meer kos as wat die meeste individue onder soortgelyke omstandighede sal eet	"'n verskeidenheid kitskosse"
Die oormatige kosinname vind in 'n kort tydjie plaas	"Sy probeer die kos opeet voordat haar broer van sokkeroefening af terugkom"
Bring baie tyd in die badkamer deur	"bring sy ... heelwat tyd in die badkamer deur"
Purgeer	"purgeer"
Depressie	"laat haar depressief voel"
Skaam	"skaam"
Bose kringloop	"bose kringloop"
Vergryp aan kos	"kosvergrype"
Het min of geen beheer oor eet	"die drang om haar aan kos te vergryp, oorval haar"
Lae selfbeeld	"haar voorkoms haat"
Skuldgevoelens	"skuldgevoelens"
Kompenserende gedrag	"Sy probeer haar kosinname gedurende die dag beperk"
Geheimsinnige optrede	"Sy probeer die kos opeet voordat haar broer van sokkeroefening af terugkom"
Gebrek aan beheer	"heelwat"
Weet nie hoe om op te hou nie	"weet sy nie hoe om op te hou nie"
Eet baie soet versnaperings	"gevolg deur heelwat soet versnaperings"

5.2 *Noem twee newe-effekte van die spysverteringstelsel van Tebogo se eetversteuring wat nie in die uittreksel genoem word nie.*

- Seer keel.
- Maagpyn.
- Tandbederf as gevolg van vomering / Verwering van tande / Suur vreet die tandemalje.
- Sooibrand.
- Opgeblaasdheid.
- Diarree.
- Hardlywigheid.
- Geswelde speekselkliere.
- Dehidrasie.
- Edeem.

IEB Copyright © 2018

5.3 *Stel 'n bestuurstrategie vir bulimia nervosa aan Tebogo voor.*

Bestuur moet insluit:

- Behou 'n gesonde liggaamsgewig en verkry inligting oor gesonde eet gewoontes deur 'n dieetkundige te raadpleeg wat 'n gesonde eetplan sal uitwerk met voldoende lae-GI-koolhidrate (om voedseldrange te voorkom), sowel as genoeg vette (om langer vol te laat voel).
- Hierdie eetplan moet ook die nodige minerale en vitamienaanvullings insluit. Op hierdie manier kan 'n gesonde liggaamsgewig, normale eetgewoontes en goeie voeding bereik word.
- Sielkundige terapie wat sal help om ongesonde, negatiewe oortuigings en gedrag deur gesonde, positiewe oortuigings en gedrag te vervang.
- Gedragsvaardighede sal aangeleer word om stres te hanteer, emosies te beheer en goeie verhoudings te ontwikkel.
- Medikasie, soos antidepressante, tesame met sielkundige terapie, kan help om die simptome van bulimie te verminder.

5.4 *Definieer die term "liggaamsmassa-indeks" en verduidelik aan Tebogo hoe om haar LMI te bereken*.

LMI kan gedefinieer word as die verhouding tussen gewig en lengte. 'n Hoë LMI word met liggaamsvet en gesondheidsrisiko's geassosieer. Dit is die voorkeurmetode om gewig by volwassenes te bepaal.

LMI word bereken deur 'n persoon se gewig in kilogram (kg) te deel deur sy of haar lengte in meter kwadraat.

5.5 *Bereken Tebogo se LMI. Gebruik die tabel hieronder om vir haar te verduidelik in watter kategorie van klassifikasie sy val en bepaal dan haar ideale liggaamsgewig. (Toon alle berekenings.)*

Tebogo se LMI $= 85 \div (1{,}63)^2$
$= 32$ (Vetsug, klas I)

Normale gewig $= (1{,}63)^2 \times 18{,}5 = 49$ kg
$(1{,}63)^2 \times 24{,}9 = 66$ kg
Tussen 49 kg–66 kg

IEB Copyright © 2018

VRAAG 6

6.1 *Die grafiek verwys na die Verbruikersprysindeks (VPI). Definieer die term.*

- Die instrument wat gebruik word om die prysstygings en die inflasiekoers te bepaal.
- Die VPI weerspieël die verandering in die koste van 'n denkbeeldige mandjie goedere en dienste wat deur 'n tipiese huishouding gekoop word. Dit word maandeliks gedoen en staan ook as die lewenskoste bekend.

6.2 *Tussen watter maande in 2017 het Suid-Afrikaanse verbruikers die hoogste vlak van inflasie beleef, en wat was die persentasie?*

- Februarie–Januarie 2017
- 1,09%–1,1%
- Effens hoër as 1%, maar oorskry nie 1,1% nie

6.3 *Voorspel wat die gevolge vir Suid-Afrikaanse huishoudings sal wees as die inflasiekoers teen bogenoemde koers aanhou styg.*

- Verbruikers sal minder vir dieselfde hoeveelheid geld kan koop.
- Lone en salarisse sal nie tred hou met die inflasiekoers nie.
- Minder geld sal beskikbaar wees as die inflasiekoers hoër is as die rentekoers wat op spaargeld verdien word.
- Styging in brandstofpryse.
- Styging in voedselpryse.
- Hoër werkloosheid.
- Hoë voedselpryse sal daartoe lei dat verbruikers se keuses beperk is / 'n kleiner verskeidenheid voedsel kan koop.

6.4 *Noem twee moontlike redes vir die verhoogde inflasiekoers.*

- Toename in voedselpryse wêreldwyd.
- 'n Skielike verhoging in brandstofpryse as gevolg van hoë oliepryse.
- Resessie.

6.5 *Bespreek die maatreël wat die regering getref het om lae-inkomste-huishoudings met voedselaankope by te staan.*

Die regering van Suid-Afrika het basiese voedselsoorte vrygestel van BTW, wat beteken dat Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) teen 0% gehef word. Dit sluit items in soos bruinbrood, bruin koringmeel, rou eiers, droëboontjies, mieliemeel, geblikte sardientjies, vars vrugte en groente, vars- en poeiermelk en suiwelpoeiermengsel, droëmielies, mielierys, stampmielies, lensies, wit rys, sonneblomolie en peulgewasse (ertjies en bone).

IEB Copyright © 2018

6.6 *Voorspel die uitkoms as kinders aan 'n erge proteïentekort ly. Noem vier simptome van hierdie siekte.*

Gevolg:
- kinders sal kwasjiorkor ontwikkel, omdat proteïenvoedsel baie duur is.

Simptome:
- swak spysvertering
- chroniese diarree
- infeksies
- toestand van hare, vel en naels verswak
- edeem (retensie van liggaamsvloeistowwe)
- geswelde buik (boepens)
- maer ledemate

6.7 *Stel twee proteïenryke kossoorte voor wat van BTW vrygestel is en dus meer bekostigbaar sal wees.*

- hoendereiers
- sardyne (geblik)
- vars melk / melkpoeier / suiwelpoeiermengsel
- aangesuurde melk
- stampmielies
- peulgewasse / lensies / droë bone

IEB Copyright © 2018

AFDELING B KLEDING EN DIE VERBRUIKER

VRAAG 7

7.1	C	v
7.2	F	i
7.3	A	ii
7.4	E	iv
7.5	B	vi

VRAAG 8

8.1 *Stel vyf klassieke items voor wat Shirley by haar bestaande klerekas kan inkorporeer om dit geskik te maak vir haar nuwe werk by die prokureursfirma.*

- Swart langbroek
- Grys langbroek / romp
- Eenvoudige wit hemp
- Baadjie wat by langbroek / romp pas
- Netjiese paar skoene om saam met langbroek en rompe te dra / eenvoudige hofskoene
- Goeie kwaliteit handsak

Enige ander klassieke items wat by haar bestaande klerekas sal pas.

8.2 *Evalueer Shirley se bestaande klerekas vir haar nuwe loopbaan*.

Sy sal party van die bestaande items as informele drag kan dra, volgens haar leefstyl en persoonlikheid. Sy het egter klere vir formele / deftige funksies by die regsfirma nodig.

Haar klere moet die beeld van die regsfirma weerspieël.

Sy sal 'n kern van basiese, klassieke style in neutrale kleure nodig hê. Klassieke items wat sy kan meng en pas.

Gevolgtrekking: Die meeste klere in haar huidige klerekas is nie geskik vir haar nuwe loopbaan / werksomgewing nie, maar sy sal sekere stukke kan gebruik wat sy met klassieke items kan meng om haar klere geskik te maak. **OF** enige ander toepaslike antwoord wat die geskiktheid van haar huidige klerekas evalueer.

IEB Copyright © 2018

8.3 *Skep 'n volledige en gepaste uitrusting vir Shirley om in die hof mee te verskyn, met items uit haar huidige klerekas en party van die klassieke style wat in Vraag 8.1 voorgestel word.*

- Voorbeeld gegee:
  - Eenvoudige wit hemp (klassieke item) (enige klassieke item kan gebruik word)
  - Swart potloodromp (bestaande klerekas) (enige geskikte item uit bestaande klerekas)
  - Swart baadjie
  - Swart hoëhakskoene
- Toepaslikheid vir regsfirma

VRAAG 9

Modekeuse en -verandering word deur verskeie faktore beïnvloed.

Kies in elk van die volgende gevalle die faktor wat niks met by die ander twee in gemeen het nie en gee 'n rede vir jou keuse.

9.1 Resessie

Die ander is sosiale faktore wat modeverandering beïnvloed.
Resessie vorm deel van ekonomiese faktore wat modeverandering beïnvloed.

9.2 Beeld wat persone van hulself het

Die beeld wat persone van hulself het, vorm deel van die selfbeeld.
Die fisieke en sielkundige self is deel van selfkonsep.

9.3 Geen individualiteit

Nadeel van korporatiewe drag.
Om identifiseerbaar te wees en 'n standaard van voorkoms te verseker, is van die voordele van korporatiewe klere.

9.4 Min grimering

As jy vir 'n onderhoud aantrek, moet jy min grimering dra.
Baie hoë hakke en baie parfuum moet vermy word wanneer jy vir 'n onderhoud aantrek.

IEB Copyright © 2018

VRAAG 10

10.1 *Noem vier faktore wat modeverandering beïnvloed.*

- Ekonomiese faktore
- Sosiale faktore
- Politieke faktore
- Tegnologiese faktore

10.2 *"… mode het só deel van die Olimpiese Spele geword…" Identifiseer die faktor in Vraag 10.1 waarvan hierdie stelling deel sal vorm.*

Sosiale faktore

10.3 *Handelsmerke soos Ralph Lauren en Nike word in die uittreksel genoem. Bespreek hoe die gebruik van hierdie name die koopgedrag van verbruikers en die huidige Olimpiese Spele se modeneigings kan beïnvloed.*

- Handelsname sal uiters belangrik vir tieners en jong volwassenes wees, of hulle dit kan bekostig of nie. Dit kan daartoe lei dat sommige verbruikers skuld aangaan.
- Tydens die Olimpiese Spele wil hulle deel wees van die modeneigings en nie uitgelaat voel nie. Groepdruk.
- Duur handelsname word dikwels met goeie kwaliteit geassosieer, moedig koop aan.
- Advertensieveldtogte assosieer handelsname met sukses, mode, rykdom en status waarvan verbruikers deel wil wees.
- Groepaanvaarding en sosiale status is belangrik vir verbruikers, daarom sal hulle hierdie handelsmerke koop.
- Omdat dit sportklere is, sal dit verbruikers goed oor hulself laat voel en hul selfvertroue en selfbeeld bevorder.
- Nagemaakte goedere sal die mark binnekom en dit vir sommige verbruikers meer bekostigbaar maak. Sal nie van dieselfde gehalte wees nie.
  (Antwoorde moet met die Olimpiese Spele verband hou.)

IEB Copyright © 2018

VRAAG 11

Verduidelik hoe verbruikers hul gebruik en keuse van klere kan beheer om volhoubaarheid te ondersteun en sodoende 'n kleiner koolstofvoetspoor na te laat.

- Koop klere wat gemaak word van volhoubare tekstiele soos organiese katoen en sy.
- Baie brandstof word gebruik om goedere in te voer, en dit verhoog die koolstofvoetspoor, aangesien koolstofdioksied tydens verbranding in die atmosfeer vrygestel word. Vermy die aankoop van ingevoerde klere.
- Koop klere wat van plaaslik vervaardigde tekstiel gemaak is, omdat dit volhoubaarheid en die Suid-Afrikaanse ekonomie bevorder.
- Moenie ongebruikte klere weggooi nie. Verkoop dit aan tweedehandse klerewinkels of skenk dit aan 'n kinderhuis, hospies of welsynsorganisasie. Herwin.
- Omskep ou klere of materiaal in nuwe klere of sny dit om skoonmaaklappe te maak. Hergebruik.
- Produksie van nuwe klere word verminder deur klere te herwin en sodoende die koolstofvoetspoor te verlaag.
- Koop klimaat- / etiekbewuste handelsmerke wat stappe doen om hul koolstof-voetspoor te verminder.
- Koop minder, maar beter kwaliteit, want dit is die beste manier om koolstofvoetspoor te verminder omdat klere langer sal hou.
- Lugdroog klere, in plaas van tuimeldroog om koolstofvoetspoor te verminder.
- Gebruik die koue siklus van die wasmasjien.

IEB Copyright © 2018

AFDELING C BEHUISING EN INTERIEUR EN DIE VERBRUIKER

VRAAG 12

12.1	B	ii
12.2	D	i
12.3	A	iv
12.4	F	v
12.5	C	vi

VRAAG 13

Vergelyk die koop, bou en huur van 'n huis ten opsigte van:

13.1 Leefstyl
13.2 Koste
13.3 Belegging
13.4 Onderhoud

Tabuleer jou antwoord soos hieronder aangetoon:

	KOOP	**BOU**	**HUUR**
LEEFSTYL	Buigsaamheid – die eiendom kan verbou word.	Kan volgens eie behoeftes ontwerp word.	Beperk – geen buigsaamheid om eiendom te verbeter nie.
KOSTE	Fluktueer, afhangende van rentekoerse. Kos aanvanklik meer as om te huur.	Fluktueer, afhangende van rentekoerse. Kan meer kos as koop.	Huur verhoog met inflasie.
BELEGGING	Groeiende waarde. Genereer rykdom. Kan ook teen sy waarde geld leen.	Groeiende waarde. Genereer rykdom. Kan ook teen sy waarde geld leen.	Geen beleggings-voordeel vir jouself nie.
ONDERHOUD	Onderhoud van huis en tuin.	Lae instandhouding aanvanklik omdat huis nuut is. Hoë koste om nuwe tuin te vestig.	Onderhoud is eienaar se verant-woordelikheid.

IEB Copyright © 2018

VRAAG 14

14.1 *Noem vyf faktore wat in ag geneem moet word wanneer jy jou eie huis bou.*

Terrein	• Kies terrein om aan eie behoeftes te voldoen • Raadsaam om eiendomsagent te gebruik om wettigheid van aankoop te verseker
Plan	• Kies huisplan volgens persoonlike behoeftes / finansiering beskikbaar / geskiktheid van die terrein • Tekenaar of argitek sal verseker dat huisplanne wettig is en aan vereistes van plaaslike owerheid voldoen
Bouer	• Gebruik NHBRR om geregistreerde bouer / kontrakteur te kies om die huis te bou • Maak seker dat jy 'n kwotasie ontvang, wat alle vereistes uiteensit, voordat jy 'n finale keuse maak
Finansiering	• Reël finansiering voordat bouery begin • Banklening of regering se behuisingsubsidie

14.2 *Dis baie belangrik om die regte bouer te kry wanneer jy jou eie huis bou. Noem twee nadele wanneer 'n onbetroubare bouer gekies word.*

- Daar sal 'n risiko van foutiewe konstruksie en ontwerp wees
- Dit kan meer as die oorspronklike kwotasie kos weens swak vakmanskap
- Dit kan baie probleme en stres vir die eienaar veroorsaak as bouwerk vertraag word weens 'n onbetroubare bouer
- As 'n onbetroubare bouer nie subkontrakteurs tydens die bouproses kan bestuur nie, word dit die grondeienaar se verantwoordelikheid
- Boetes kan gehef word as die gebou se vordering vertraag word

14.3 *Noem vyf kriteria wat by die boukontrak ingesluit moet word om Kevin en Jo-Anne te beskerm.*

Koste	• 'n Volledige uiteensetting van alle koste, insluitende bou- en regskoste
Algemene inligting	• Bepaalde datums vir die aanvang en voltooiing van die bouproses • Metode en terme van betaling
Waarborge	• Om te verseker dat daar geen strukturele gebreke, lekkende dak, foutiewe boupraktyke of onvoltooide werk is nie
Kansellasie-klousule	• Die gevolge wanneer die grondeienaar of die bouer nie hul deel van die ooreenkoms nakom nie
Spesifikasielys	• Dit beskryf al die materiale, afwerkings en toebehore wat gebruik gaan word in die konstruksie van die huis

IEB Copyright © 2018

VRAAG 15

15.1 *Identifiseer die soort huiseienaarskap in die advertensie.*

Deeltitel

15.2 *Definieer die term "alleenmandaat".*

'n Verkoper gee slegs een eiendomsagent alleenreg om sy eiendom te verkoop.

15.3 *Bespreek die rol van die eiendomsagent wanneer hierdie eiendom verkoop word.*

- Hulle sien toe dat die koop en verkoop van die eiendom glad verloop.
- Beskerm die belange van die kliënt (gewoonlik die verkoper).
- Verskaf inligting oor skole, mediese fasiliteite, winkels, geriewe, misdaadvlakke.
- Adviseer oor die billike markwaarde van die eiendom.
- Help die koper met sy/haar aansoek om 'n huislening.
- Kan namens die koper aansoek doen om 'n verband.
- Openbaarmaking van alle feite met betrekking tot die eiendom.
- Sien toe dat enige geld wat deur die koper betaal word, behoorlik gefaktureer word en in 'n toepaslike rekening inbetaal word.
- Gee raad, koördineer en bestuur die hele koopproses
- totdat die eiendom in die naam van die koper geregistreer is.
- Die agent kan navrae, geskille en probleme wat tydens die koopproses mag voorkom, bemiddel en oplos.

15.4 *Die advertensie lui "Geen hereregte" (oordragsfooi). Verduidelik wat met hierdie term bedoel word.*

- Hereregte is 'n regeringsbelasting wat betaalbaar is wanneer die eienaarskap van 'n eiendom van die verkoper na die koper oorgedra word.
- Oordrag van die eiendom in die nuwe eienaar se naam.

15.5 *Verduidelik hoekom dit nie nodig is om hereregte (oordragsfooi) te betaal wanneer een van hierdie meenthuise gekoop word nie.*

- Die eiendom is nuut gebou / 'n nuwe ontwikkeling / word van die ontwikkelaar gekoop.
- Dit het nog nie voorheen aan iemand anders behoort nie / die koper sal die eerste eienaar wees.
- Die eiendom kos minder as R900 000.

15.6 *Alhoewel geen hereregte (oordragsfooi) vir hierdie eiendom nodig is nie, is daar ander koste verbonde by die aankoop van 'n eiendom. Noem twee addisionele kostes wat betaal moet word.*

- Prokureursfooie
- Aktekantoorfooi

IEB Copyright © 2018

15.7 Aan wie is die koste wat in Vraag 15.6 gemeld word, betaalbaar, en hoekom?

- Transportaktegeld: betaling vir die transportaktebesorger (prokureur) vir toesig oor die oordragproses.
- Aktekantoorfooi: betaalbaar aan die Aktekantoor om die eiendom in die naam van die koper te registreer.

15.8 *'n Maandelikse heffing is elke maand betaalbaar. Hoeveel is die heffing vir hierdie geadverteerde eiendom?*

R1 861,00

15.9 *Stel vier spesifieke gebruike vir hierdie heffing voor.*

- Versekering op die geboue.
- Betaling van tariewe en belasting.
- Waterverbruik van die kompleks.
- Elektrisiteitsverbruik van al die dienste, behalwe die eienaar se eie elektrisiteitsverbruik.
- Onderhoud van die geboue (aan die buitekant van die eenhede) en gemeenskaplike areas (tuin en swembad).
- Sekuriteitsreëlings by die kompleks.
- Dekking van enige buitengewone uitgawes, byvoorbeeld skade veroorsaak deur oorstromings.
  (Maak seker dat leerders se antwoorde nie algemeen is nie en nie huiseienaarskoste insluit nie.)

VRAAG 16

Adviseer die verbruikers in Kaapstad wat 'n wasmasjien wil koop, ten einde hul waterverbruik te verminder en 'n kleiner negatiewe impak op die omgewing te hê.

- Voorlaaiwasmasjiene gebruik die minste water.
- Bestudeer die water- en energieverbruiksgraderings op die etiket.
- Oorweeg om die wasmasjien te koop wat die minste water per kilogram wasgoed gebruik.
- 'n Outomatiese instelling om watervlakke aan te pas, verseker dat slegs die vereiste hoeveelheid water gebruik word.
- Vervaardigers kan aandui hoe om van omgewingsvriendelike verpakking ontslae te raak. Raak op die regte manier daarvan ontslae deur dit te herwin.
- Koop plaaslik vervaardigde wasmasjiene om die koolstofvoetspoor van verskeping- en vervoervrystellings te verminder.
- Koop 'n wasmasjien met 'n filter wat vesels opvang sodat dit nie deur afval-water beweeg en moontlike skade aan die omgewing aanrig nie.
- Koop 'n wasmasjien met 'n kouewateropsie. Dis omgewingsvriendelik omdat dit nie elektrisiteit gebruik om die water te verhit nie.

IEB Copyright © 2018

AFDELING D UITGEBREIDE SKRYFRESPONS

VRAAG 17

Daar is 'n wesenlike bedreiging vir huishoudelike voedselsekuriteit in arm gemeenskappe in Suid-Afrika. Skryf 'n artikel in reaksie op hierdie nuus24-uittreksel en bespreek die redes vir hierdie bedreiging en vir probleme wat verband hou met voedselproduksie. Stel moontlike oplossings voor om verbruikers in armer gemeenskappe te help.

Die artikel moet:
- 'n toepaslike opskrif en inleiding hê.
- ongeveer 500 woorde (1½–2 bladsye) en toepaslike paragrawe bevat.
- tot 'n duidelike gevolgtrekking kom en 'n geldige rede vir jou antwoord verskaf.

Punte sal toegeken word volgens die rubriek.

Kategorie	4 punte	3 punte	2 punte	1 punt
Fokus op en gebruik van artikel	Die hele antwoord is akkuraat gekoppel aan die onderwerp en die leser kan dit duidelik verstaan.	Die antwoord is meestal verwant aan die onderwerp. Dwaal op 'n stadium af, maar die leser kan steeds iets oor die onderwerp leer.	Die antwoord is gedeeltelik verwant aan die onderwerp. Nie 'n sterk skakel met die onderwerp nie.	Geen poging aangewend om die antwoord aan die onderwerp te koppel nie.
Inhoud: Deeglikheid	Alle feite in die antwoord is akkuraat. Besliste skakel na arm gemeenskappe in Suid-Afrika en die artikel.	Byna alle feite in die antwoord is akkuraat. Enkele verwysings na Suid-Afrika en die artikel.	Party feite in die antwoord is akkuraat. Baie min verwysing na Suid-Afrika en die artikel.	Feite verkeerd of irrelevant. Geen melding van Suid-Afrika of die artikel nie.
Inhoud: Toepaslikheid	Antwoord relevant en verskeie redes en oplossings word genoem.	Antwoord relevant en noem 'n paar redes en oplossings.	Bespreek slegs die redes vir voedselsekuriteit-krisis.	Antwoord nie van toepassing op voedselsekuriteit-redes of oplossings nie.
Gevolgtrekking	Verstaan die onderwerp deeglik en bied 'n duidelike en bondige gevolgtrekking aan.	Verstaan die onderwerp. Gevolgtrekking relevant.	Verstaan die onderwerp ietwat. Geen duidelike gevolgtrekking nie.	Geen begrip van die onderwerp nie. Geen duidelike gevolgtrekking nie.
Aanbieding	Toon van antwoord is volwasse. Geskikte, gepaste en professionele argument. Uitstekende en gepaste gebruik van taal en terminologie. Toepaslike opskrif vir artikel. Interessante inleiding. Korrekte paragrafering met goeie oorgange.	Toon is konsekwent en geskik vir professionele argument. Goeie en gepaste gebruik van taal en terminologie. Opskrif vir artikel verskaf. Meestal toepaslike inleiding en paragrafering.	Toon, taal en terminologie is swak. Opskrif hou nie verband met artikel nie. Pogings tot korrekte inleiding en paragrafering.	Skryfwerk is amper onverstaanbaar. Toon, taal en terminologie uiters swak. Inleiding en paragrafering nie teenwoordig nie.

IEB Copyright © 2018

Die artikel word holisties nagesien met behulp van die IEB-brongebaseerde opstelrubriek en die volgende riglyne.

Inleiding:

- Voedselsekerheid beteken dat alle mense daagliks toegang het tot voldoende veilige en voedsame kos om 'n aktiewe en gesonde lewe te lei.
- Drie hoofbeginsels:
  - beskikbaarheid van voedsel
  - toeganklikheid van voedsel
  - gebruik van voedsel

Bespreek redes vir hierdie bedreiging:

- Verkryging van voedsame, veilige kos en water is dikwels 'n probleem in armer gemeenskappe, aangesien dit baie duur kan wees, en hierdie gemeenskappe het dalk nie skoon, veilige lopende water nie.
- Armer gemeenskappe is dikwels nie naby aan dorpe/stede nie, en hoë vervoerkoste na hierdie sentra toe kan 'n impak op hul toeganklikheid tot voedsel hê.
- Alhoewel 'n regering dalk voedselbeskikbaarheid en -toeganklikheid kan verseker, is dit verbruikers se verantwoordelikheid om hul basiese kennis van voeding te gebruik om voedsel- en waterhulpbronne veilig te gebruik om 'n gesonde lewe te handhaaf – dit is dikwels onmoontlik in armer gemeenskappe omdat hulle dalk nie die betrokke inligting het nie.
- Werkloosheid, asook lae lone, maak dit vir hierdie gemeenskappe onbekostigbaar om gesonde kos te koop.
- Inligting, opvoeding (arm gemeenskappe sukkel dikwels om wyse koopkeuses te maak), kennis oor voeding en higiëne is dikwels beperk.
- Beperkte sosialemediadienste weens afgeleë ligging maak dit onmoontlik vir hierdie gemeenskappe om voordeel te trek uit spesiale aanbiedings by winkels.
- Armer gemeenskappe prioritiseer hul inkomste en spandeer die meeste van hul geld op opvoeding, skuldvereffening, elektrisiteit en vervoer, eerder as op kos.
- Kindersorgtoelaes dek soms nie eens 'n kind se basiese voedselbehoeftes nie.
- Voedselpryse het teen 'n hoë koers toegeneem en hulle betaal dieselfde prys vir minder kos, wat dit onmoontlik maak om 'n gesin te voed.
- Die pryse van voedsel wat deur arm gemeenskappe gebruik word (voorbeelde uit uittreksel) styg skerp a.g.v. inflasie.

Probleme wat met plaaslike voedselproduksie geassosieer word:

- **Stakings**
  - Voedselbedryf – afname in voedselproduksie.
  - Vragmotorbestuurderstakings – voedsel word nie betyds aan gemeenskappe gelewer nie en kan bederf of vermors word.
  - Plaaswerkerstakings – party aspekte van die boerderyproses kan nie voortgaan nie, soos die verbouing, oes en verpakking van voedsel, wat die beskikbaarheid van voedsel verminder.

IEB Copyright © 2018

- **Grondhervorming**
  - Lewensvatbare plase word aan onervare boere gegee, waardeur die beskikbaarheid van voedsel verminder word.
  - Onervare boere kry geen ondersteuning en leiding om suksesvol te boer en voldoende voedsel te produseer nie.

- **Droogtes en onbeskikbaarheid van water**
  - Lei tot afname in voedselproduksie – bedreig voedselsekerheid namate voedselpryse toeneem.
  - Geen water – produksie word beperk / gewasse vrek / swak opbrengste.
  - Minder kos word geproduseer, wat voedselprysstygings tot gevolg het.
  - Besoedeling, as gevolg van swak sanitasie; beskikbare water kan nie gebruik word nie, lei tot laer voedselproduksie.

- **Voorstelle om armer gemeenskappe te help**
  - Loongeskille tydens stakings moet so gou moontlik afgehandel word om 'n afname in voedselproduksie te voorkom.
  - Eie groentetuine – moedig armer gemeenskappe aan en leer hulle om hul eie groentetuine te begin.
  - Hulle kan die produkte van hierdie tuine gebruik om hul inkomste aan te vul.
  - Armer gemeenskappe moet opgevoed word oor BTW-vrygestelde kossoorte, goedkoper opsies (veral ander proteïenbronne), oordeelkundige voedselkeuses, insluitende die voorbereiding van voedsame etes.

Gevolgtrekking

Nagesien volgens vereistes van rubriek.

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2018